# Resensies


- Visser, D. 2003. **Paraklese in het perspectief van de parousie.** Heerenveen: Groen.
  (*G.J.C. Jordaan*) ........................................ 379
- Joubert, S. 2003. **God se roepstem … en hoe moderne pelgrims daarop moet antwoord.** Vereeniging: CUM.
  (*P.P. Kruger*) ........................................ 381
- Joubert, S. 2003. **Beheer God jou denke?** Vereeniging: CUM.
  (*J. Kruger*) ........................................ 382
- Smit, G. 2002. **Lewe uit die volheid van God.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*P.W. Kurpershoek*) ........................................ 383
- Hendriks, H.J. 2004. **Studying congregations in Africa.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*P.J. Buys*) ........................................ 386
- Baaij, P.K. 2003. **Israël en de volken. Exegetische studie van Romeinen 9-11.** Heerenveen: Groen.
  (*L. Floor*) ........................................ 388
- Barnard, A. 2004. **Fokus op meer as 200 vrae oor gebed wat elkeen graag wil weet.** Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*F.P. Viljoen*) ........................................ 389

# Resensie

**Visser, D. 2003. Paraklese in het perspectief van de parousie.**
Heerenveen: Groen. 228 p. Prys: €22,50. ISBN 90-5829-438-2.

**Resensent:** *G.J.C. Jordaan*
(Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Dirk Visser pak in hierdie boek die probleem van die oënskynlik teenstrydige eskatologieë van die twee Tessalonisensebriewe aan. Die "teenstrydighede" word gewoonlik aangegee as 1 Tessalonisense 4:13-18 wat die verwagting skep dat die wederkoms nog in die eerste lesers se leeftyd sou plaasvind ('n *Naherwartung*) en 2 Tessalonisense 1:5-10 en 2:1-12 (asook 1 Tess. 5:1-11) wat leer dat die wederkoms eers later sal plaasvind ('n *Parousieverzögerung*). Die probleem word verder vergroot deur die dispensionalistiese verklaring dat 1 Tessalonisense 4 na die eerste fase van die wederkoms verwys en dat 2 Tessalonisense 1 en 2 na die tweede fase van die wederkoms verwys.

In hierdie boek soek Visser 'n antwoord op die probleem deur 'n diepgaande en omvattende eksegetiese studie van die betrokke Skrifdele te bied. In die eerste hoofstuk fokus hy op die verhouding tussen die twee briewe. Sy bevinding is dat, hoewel 1 en 2 Tessalonisense twee selfstandige briewe is wat elk 'n eie aksent bevat, daar oor die algemeen geen spanning tussen die briewe bestaan nie. Hoofstuk 2 van Visser se boek is daarop gemik om die plek van die "eskatologiese" dele in elkeen van die twee briewe aan te dui. Met die oog hierop maak Visser 'n struktuuranalise van albei briewe, waarby hy van sommige van die tematiese, epistolêre en retoriese oorwegings gebruik maak. Die konklusie waartoe die analise lei, is onder meer dat die eskatologiese dele van albei briewe deel vorm van die paraklese waarin Paulus etiese onderwys aan die gemeente verskaf.

In Hoofstuk 3 word die "eskatologiese" dele van vers-vir-vers-kommentaar voorsien. Die kommentaar is egter sinteties van aard in dié opsig dat dit bloot 'n samevatting bied van eksegetiese insigte wat die skrywer as belangrik en tersake beskou. Die kombuiswerk is

as ’t ware tuis gelos. Tog beslaan hierdie eksegetiese deel ’n formidabele 70 bladsye van die boek. Visser toon eksegeties aan dat dit beslis nie die doel van 1 Tessalonisense 4:13-18 is om ’n *Naherwartung* te verkondig nie. Ook die verhouding daarvan tot 5:1-11 sluit ’n *Naherwartung* in dispensionalistiese sin uit. Juis laasgenoemde perikoop is ’n aanduiding dat daar nóg by Paulus nóg by sy lesers enige misplaaste verwagting was dat hulle nog in hulle leeftyd die parousie sou meemaak. Wat Paulus in die perikoop doen, is om sy lesers daarop te wys dat hulle aan mekaar paraklese kan gee vanuit hulle gemeenskaplike uitsig op die wederkoms. In 2 Tessalonisense sit Paulus die bemoediging voort met die oog op toenemende verdrukking en goddeloosheid waaraan die gelowiges blootgestel sal word. Sy verwysing na die optrede van die antichris is nie gegee as ’n bloudruk van die gebeure wat die wederkoms voorafgaan nie, maar as ’n troosboodskap dat alles binne God se beheer volgens sy raadsplan verloop tot by die wederkoms.

Die finale konklusie waartoe die studie lei, is dat die boodskap van die “eskatologiese” dele in albei die Tessalonisensebriewe nie primêr in die eskatologie geleë is nie. Paulus se doel – ook in dié betrokke dele – is om aan sy lesers ’n paraklese te bied. Wat hy doen, is om sy lesers vanuit die perspektief op die wederkoms te bemoedig en daartoe aan te spoor om mekaar te bemoedig.

’n Definitiewe winspunt van die publikasie is dat dit die problematiek waarop dit gerig is, sistematies aanpak en wetenskaplik beredeneer. Dit is waarskynlik so omdat die boek, soos in die voorwoord vermeld word, in werklikheid ’n publikasie is van die proefskrif waarmee dr. Visser gepromoveer het. Hierin lê ongelukkig ook die swak punt van die boek. In vele opsigte lees dit soos ’n wetenskaplike verslag eerder as dat dit die leser met ’n pakkende aanslag boei. Hierdie aanpak behoort egter nie soveel te hinder nie, mits die leser by die opneem van die boek besef dat hy eintlik ’n gepubliseerde proefskrif ter hand neem.

Juis omdat die werk ’n gepubliseerde proefskrif is, is dit hoofsaaklik geskik vir teoloë en vir lesers wat ten minste oor ’n kennis van Bybelse Grieks beskik. In ’n sekere sin is die beperkte toeganklikheid van die boek ’n jammerte, aangesien die problematiek waarop dit gerig is – veral die dispensionalistiese verklarings van die betrokke Bybeldele – tog wye belangstelling geniet. Hoofstukke 1 en 4 van die boek is wel toeganklik vir ’n wyer leserspubliek, aangesien dit meer samevattend van aard is en nie van die leser ’n kennis van Grieks vereis nie.

In geheel is die werk ’n belangrike bydrae tot die studie van die Pauliniese prediking en die eskatologiese debat in die teologie. Enige toekomstige studie van verwante onderwerpe behoort beslis van hierdie publikasie kennis te neem.

**Joubert, S.** 2003. **God se roepstem ... en hoe moderne pelgrims daarop moet antwoord.** Vereeniging: CUM. 96 p. Prys: R59,95.
ISBN 1-86829-999-6.

**Resensent:** *P.P. Kruger*
(Gereformeerde Kerk Meyerspark, Pretoria)

Hierdie boek handel oor ’n baie belangrike onderwerp – ’n onderwerp wat vir elke Christen in die jare waarin ons leef, steeds sterker beklemtoon moet word. Die skrywer het al verskillende, meer populêr-godsdienstige werke die lig laat sien. Hy is veral bekend as medevertaler van *Die Boodskap*. Daaruit spreek sy passie om die evangelie in vloeiende, eietydse Afrikaans aan die mense van ons tyd te bring.

’n Strewe om die verstaanbare, pakkende, hedendaagse woord en uitdrukking te vind kenmerk ook hierdie publikasie. Dit lees maklik. Plek-plek neig dit selfs om na die geforseerde toe te gaan. As uitgangspunt is dit vir die skrywer van groot belang om lesers net aan die hóór te kry, te midde van die “geraas” – ook godsdiensteg-eraas – in die wêreld rondom ons. Wanneer mense God se roepstem werklik in die geloof hóór, antwoord hulle met die navolging van Christus. Die sterkste dele in die boek is waar roepingsverhale uit die Bybel geteken word. Dis byna die moeite werd om die boek net vir die Bybelse insigte in “onwaardige” geroepenes te lees. Veral die tekening van Josef as geroepe pelgrim “daar waar jy elke dag is”, beïndruk en inspireer ’n mens.

Die klem op die genade van God teenoor ons eie “godsdienstige CV’s” in hierdie publikasie is waarlik bevrydend. Dit kan nie genoeg waardeer word nie. Tog mis ’n mens die siel-deursoekende waarskuwing teen “goedkoop genade” wat so maklik by ons as postmoderne mense kop uitsteek. Die Duitse martelaar-teoloog, Bonhoeffer, het in sy tyd juis dringend daarteen gewaarsku. Genade is nie ’n laag watte nie. Genade ruk jou uit jou gemaksones uit om in die werklike, harde wêreld daarbuite jou kruispad agter Christus aan

te loop. Miskien kom hierdie aksent nie so sterk in die publikasie na vore nie, omdat die Koninkryksperspektief vaag is. Wat van ons roeping in die "harde" omgewing van die politiek, die omgewing waar mense honger ly, Vigs het, werkloos word, die natuur verinneweer ...? Wat van ons meer as eng kerklike en godsdienstige roepings?

**Joubert, S.** 2003. **Beheer God jou denke?** Vereeniging: CUM. 131 p. Prys: R79,95. ISBN 1-17700-001-1.

**Resensent:** *J. Kruger*
(Gereformeerde Kerk Wapadrant)

Die subtitel van hierdie publikasie is 'n pretensieuse *Die sleutel tot 'n suksesvolle geloofslewe is binne jou bereik!* In die lewens- en wêreldbeskouing van die Reformasie word die aksent immers anders gelê: 'n "suksesvolle" gelowige is juis nie een wat gryp nie, maar een wat met leë hande ontvang! Om hierdie punt in diepte verder te beredeneer, sou egter nie reg aan die boek laat geskied nie. Deur die loop van die publikasie kom dit tog duidelik na vore dat God deur sy Gees die handelende Een is in menselewens.

Die skrywer se sentrale argument is dat 'n mens se denke en denkhouding jou lewe bepaal. Indien 'n mens se hart bekeer is, maar jou denke nie, dan bestaan daar 'n skeiding in jou lewe tussen 'n geestelike deel en 'n wêreldse deel. Dit is nie goed nie, en die kuns is dat 'n mens se denke deur God beheer moet word. Alleen dán kan die goeie nuus van die evangelie na alle gebiede van jou lewe deursyfer. Dat God 'n mens se denke beheer, word hier baie spesifiek 'n kuns genoem. Dit is die manier waarop dit deur die skrywer aangebied word: as 'n kuns wat geoefen en beoefen moet word.

Die sentrale tema word verder uitgebou deurdat die skrywer 'n aantal strategieë vir "suksesvolle" denke uit die populêre sielkunde en kultuur neem, en aantoon hoe dat baie van hierdie wenke ook in die Bybel terug te vind is. Hierdie gesonde denkstrategieë word verduidelik en daar word selfs toetse en oefeninge gegee aan die hand waarvan 'n mens die gesondheid van jou denke kan vasstel en verbeter. Sommige van die temas wat ingespan word in diens van 'n

positiewe Christelike denkstyl sluit in: die rol van die onderbewuste, neuro-linguistiese prosesse, en die rol van narratiewe.

Die waarde van die boek is daarin geleë dat dit Christene aanspoor om geïntegreerde lewens te lei. 'n Mens se denke en denkstrategieë moet ook – en miskien juis – deel wees van jou spiritualiteit. Voortspruitend daaruit lê Joubert tereg klem daarop dat die boodskap van die Bybel 'n positiewe en gesonde lewensuitkyk tot gevolg het. In die lig hiervan kan die publikasie vir Christene – 'n mens kry die idee veral jong volwassenes – van waarde wees.

**Smit, G.** 2002. **Lewe uit die volheid van God.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 126 p. Prys: R56,95. ISBN 0 7963 0073 9.

**Resensent:** *P.W. Kurpershoek*
(Gereformeerde Kerk Postmasburg)

Met hierdie debuutpublikasie fokus Smit op 'n redelike mode-onderwerp vandag, naamlik *geestelike groei*. Hy wil die leser begelei om die fyner detail van die geheim van geestelike groei raak te vat (p. 13). In ooreenstemming met – volgens Smit – Paulus se gebed in Efesiërs 3 (spesifiek 3:16-19) word *geestelike groei* gesien as 'n proses waardeur die Here geleentheid gegee word om algaande meer prominent in 'n gelowige se lewe te raak. Van belang is dat die gelowige nie self probeer om te groei nie, maar die Here toelaat om hom/haar te verander sodat daar uiteindelik niks anders is nie as om volledig en volkome aan God toegewy te wees (p. 13-14). So word vanuit die volheid van God gelewe.

Smit orden sy gedagtes in tien hoofstukke wat logies op mekaar (behoort te) volg. In Hoofstuk 1 begin hy met die frustrasie van gelowiges wat graag geestelik wil groei, maar steeds vasloop in hul onvermoë om hul geloof in hul daaglikse lewe uit te leef. Hy verbind dit aan die feit dat hulle self probeer om te groei, in plaas daarvan om God toe te laat om hulle te laat groei. Hy stel sy eie vertrekpunt rondom groei en nooi die leser uit om as 't ware 'n sprong in die duisternis te maak deur die Here die geleentheid te gee om al meer in sy/haar lewe betrokke te raak.

In Hoofstuk 2 wys hy op die noodsaak om 'n leerbare gees (*teachable spirit)* te hê ten einde geestelik te kan groei. Hoofstuk 3 fokus op die vraag hoe God se stem gehoor kan word – sodat by

God geleer kan word. Hoofstuk 4 weer wys op die dinamiese krag van die Heilige Gees wat verantwoordelik is vir die geestelike groei. Klem word gelê op die noodsaakllikheid om die Heilige Gees te soek en te vra om met sy krag werksaam te wees.

Hoofstuk 5 handel oor die vereiste om steeds met die Woord besig te wees – as primêre aspek van die aktiewe kant van geestelike groei, terwyl Hoofstuk 6 die skrywer se wenke bevat oor hoe om die Bybel te lees sodat God gehoor word in die lewe van elke dag.

Hoofstuk 7 neem as vertrekpunt die gedagte dat daar ’n onlosmaaklike band tussen geestelike groei en getuienis is. Klem word gelê op die noodsaaklikheid om te reageer wanneer God jou roep om oor sy werk in jou lewe te getuig. In Hoofstuk 8 word beklemtoon dat God se plan vir die wêreld, naamlik dat almal Hom moet leer ken – nie geheim gehou moet word nie. Hoofstuk 9 weer dui aan dat juis die kerk die instrument is van God se plan en gee die vyf sake weer wat die kerk kan verrig om God se plan te help maak. Spesifiek word beklemtoon dat getuienis dus die eindpunt van geestelike groei is. Hoofstuk 10 rond die betoog af deur te bespreek hoe noodsaaklik dit is om ’n “aansteeklike” lewenswyse as Christene te vertoon – nie net om God se plan uit te voer nie, maar ook om geestelik te groei.

Oor die algemeen gesien, lees die boek heel gemaklik. Dit is duidelik dat Smit sy oog op die deursneeleser het. Hy probeer nie te veel te teoretiseer nie en maak veelvuldig gebruik van voorbeelde in sy eie lewe wat verband hou met die stryd om geestelik te groei. Sy taal is gemaklik en bevat verskeie tipiese Engelse uitdrukkings wat in die Afrikaanse spreektaal opgeneem is.

’n Steurende faktor in die lees van die boek is egter die feit dat dit wil voorkom asof in die verwerkings- en publiseringsproses enkele van die latere hoofstukke omgeruil is. Hoofstuk 7 veronderstel naamlik dat die leser reeds bekend is met die einddoel van geestelike groei, naamlik meewerking aan God se plan, wat egter eers in Hoofstukke 8 en 9 aangetoon word. Logieserwys sou dus verwag word dat Hoofstuk 7 na Hoofstukke 8 en 9 sou volg. Dat dit ook Smit se bedoeling lyk te wees, kom na vore uit twee opmerkings waarin hy enersyds in Hoofstuk 7 na *die vorige hoofstuk* verwys (p. 77) – wat eintlik ’n verwysing na Hoofstuk 9 is (p. 113) – en andersyds in Hoofstuk 9 oor die *volgende twee hoofstukke* praat (p. 106), terwyl nog net Hoofstuk 10 voorlê.

Inhoudelik gesproke is die grootste pluspunt van die boek die klem wat geplaas word op God se werk in die groeiproses. Nie alleen die fokus op die Heilige Gees en sy kragtige inwerking is hier van belang nie, maar ook die doelbewuste aanduiding van die belang van die Woord vir die groeiproses. Die oorsig oor die skrywer se eie wenke vir Bybelstudie is ook heel nuttig en behoort verskeie belangstellende lesers heelwat te help om hul eie Bybellees daadwerklik met hul lewe van elke dag te integreer.

Tog is dit duidelik – en dit plaas myns insiens ’n vraagteken by hierdie publikasie – dat Smit met ’n optimistiese mensbeskouing werk. Hy beklemtoon naamlik dat die gelowige die Here moet toelaat om die groei te bewerk, byvoorbeeld: “Dit hang van onsself af of ons God gaan toelaat om die proses te laat groei” (p. 23). Veral in Hoofstuk 4 kom hierdie gedagte sterk na vore. Terwyl klem gelê word op die krag van die Heilige Gees, word terselfdertyd gestel dat die Gees ’n “Gentleman” is wat wag totdat ons Hom toestemming gee om aspekte van ons lewe oor te neem. (p. 53). In werklikheid word egter gestel dat die Heilige Gees se krag tog ondergeskik is aan die mens se behoefte/vermoë/wil. Die laaste sin op p. 55 illustreer die optimistiese siening oor die mens wanneer gestel word dat die mens die Heilige Gees moet soek (per implikasie is die mens in staat om die Gees te soek), terwyl die Skrifmatige lyn eerder sou wees om te stel dat die sondige mens nie die Gees moet teenstaan nie (1 Tess. 5:19).

’n Ander vraagteken by die boek is die eksegetiese onderbou van die boek. Alreeds die verwysing na Efesiërs 3 (p. 13-15) roep vrae op. Kan Paulus se gebed wat tot God gerig is, regtig gesien word as ’n vermaning en aanmoediging van die gelowiges? Dui die “volheid van God” op God se teenwoordigheid (p. 14) of dalk eerder – binne die konteks – op God se heilswerk in Christus? Verdere vrae moet gevra word oor die lyn wat getrek word tussen Jesus se lydensoffer en my offers op die pad van geestelike groei (p. 17), oor die gelykstelling van Simson, Samuel, Moses met ons vandag, asook oor die verklaring van Efesiërs 1:10 om te kom tot God se plan vir ons lewens (p. 94-96).

Samevattend kan gestel word dat *Lewe uit die volheid van God* stof tot nadenke bied, veral vir dié gelowige wat worstel met sy eie gebrekkige pogings om geestelik te groei.

**Hendriks, H.J.** 2004. **Studying congregations in Africa.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 244 p. Prys: R160,00. ISBN 0 7963 0199 9.

**Resensent:** *P.J. Buys*
(Mukhanyo Theological College KwaMhlanga, KwaNdebele)

Hierdie publikasie word aangebied as ’n handboek in Praktiese Teologie vir gemeenteopbou in die hedendaagse konteks van die sub-Sahara en Afrika.

Alhoewel Jurgens Hendriks vermeld word as die outeur (en sekerlik die hoofrol gespeel het in die samestelling en skrywe) van hierdie publikasie, is dit ook die vrug van ’n spanpoging van navorsers en kerklike voorgangers wat betrokke is by NetACT (Network for African Congregational Theology). NetACT is ’n netwerk-organisasie van teologiese instansies wat binne die Presbiteriaans-gereformeerde tradisie funksioneer binne die konteks van die sub-Sahara en die res van Afrika.

NetACT stel homself ten doel om gemeenteopbouteologie en -leierskap te ontwikkel deur:

- kontekstueel relevante leiers van kerke op te lei;
- akademiese standaarde op te gradeer en teologiese opleidings-instansies se vermoëns uit te bou;
- navorsingsprogramme by deelnemende instansies te ontwikkel;
- voortgesette opleidingsprogramme te ontwikkel;
- die uitruil van dosente van deelnemende instansies te fasiliteer;
- konferensies en prakties-teologiese publikasies in Afrika te stimuleer;
- die MIV/Vigs-pandemie te bestry deur veral teologiese en morele besinning en geestelike ondersteuning aan te bied.

Die oogmerke van hierdie kursus in gemeenteopbou is:

- om hoofsaaklik te dien as inleiding in die teorie en praktyk van ’n teologies gebaseerde gemeente-analise;
- om ’n holistiese begrip en beoefening van teologie te omlyn wat die belangrikheid van alle subdissiplines van die teologie beklemtoon;

- om voorgangers deeglik te skool in sistematies-teologiese, ekklesiologiese en grondige Bybelkennis oor aspekte van gemeenteopbou;
- om voorgangers ook toe te rus met geldige metodes vir ’n eksegetiese en hermeneutiese verstaan van die Skrif om teologie in die gemeente sinvol te beoefen;
- om studente toe te rus om met die vermoë om die konteks waarin die gemeente funksioneer te analiseer en die probleme, behoeftes en uitdagings in die gemeente en die gemeenskap te begryp;
- om studente te lei om die resultate van so ’n analise op ’n geldige hermeneutiese manier sensitief in dialoog te laat tree met die Skrif sowel as die globale tendense wat die gemeenskap beïnvloed – sodoende word hulle gelei om deeglik te luister na die Skrif en die leiding van die Heilige Gees en God se wil vir die spesifieke gemeente in ’n bepaalde konteks te kan verstaan;
- om die basiese beginsels van strategiese teologiese beplanning te omlyn wat ’n teologies begronde misie en visie insluit;
- om ’n inleiding te bied tot basiese navorsingsmetodes.

As beoogde resultate van die kursus word die volgende geformuleer:

- Die vaardigheid om ’n teologies begronde gemeente en gemeenskapsanalise te doen.
- Die vaardigheid om ’n prakties-teologiese ekklesiologie te ontwikkel om ware, getroue en effektiewe plaaslike gemeente te wees wat werklik sout van die aarde en lig van die wêreld kan wees.
- Die vermoë om ’n bedieningsfilosofie te formuleer, strategies te implementeer en teologies georiënteerde strategiese beplanning te doen.
- Begrip te hê van voorgangers se verantwoordelikheid om gemeentelede toe te rus om die gemeente self op te bou en die gemeenskap te bedien met die liefde van Christus.
- Die verwerwing van teorie en vaardighede om sleutelaspekte van transformasieprosesse te kan hanteer
- Die verwerwing van teorie en vaardighede om empiriese navorsing te kan doen.

Wat die boek waardevol maak, is dat eerstens ’n deeglik begronde teologiese basis gelê word oor kerkwees in die lig van die Skrif in Afrika vandag. ’n Deeglike analise van Afrika-kultuur en -problematiek word gedoen. Prosesse, stelsels en metodes van kontekstuele analise word beskryf. Die identifisering, hantering en voorkoming van konflik in die gemeente word uitvoerig behandel. Die sinvolle analise van die finansiële profiel en finansiële bestuur van ’n gemeente word onder die loep geneem. Die belang van goeie leierskapstyl en die bestuur van verandering in die kerk kry ook aandag. Basiese metodes van empiriese navorsing word ook beskryf.

Elke predikant, kerkraad en sendingkommissie sal groot baat vind by ’n noukeurige studie van hierdie publikasie. Van harte aanbeveel.

**Baaij, P.K.** 2003. **Israël en de volken. Exegetische studie van Romeinen 9-11.** Heerenveen: Groen. 345 p. Prys: €24,50.
ISBN 90-5829-415-3.

**Resensent:** *L. Floor*
(Emeritus: Dept. Ou & Nuwe Testament, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Die outeur van hierdie boek wat meer as 25 jaar leiding gegee het aan verskillende tegniese bedrywe het op 57-jarige leeftyd besluit om teologie te gaan studeer. In 1992 het hy met die proefskrif “Paulus oor Paulus” in Brussel gepromoveer. Ses jaar later het weer ’n studie oor Paulus verskyn: “De God antwoordende mens. Exegetische studie aan Romeinen 3:21-8:39”. En vandag het ons sy derde boek oor Paulus.

Reeds sy eerste boek oor Paulus het in die teologiese wêreld heelwat opskudding veroorsaak. Dr. Baaij het naamlik tot die oortuiging gekom dat die geskrifte van Paulus dikwels verkeerd gelees word. Volgens Baaij is die Griekse teks van Paulus se briewe die neerslag (of “vertolking”) van wat die apostel in (Bybelse) Hebreeus gedink het. Met hierdie voorveronderstelling in s*y* gedagte het Baaij die drie boeke oor Paulus geskryf. Tot sy krediet moet gesê word dat Baaij op ’n verbluffende wyse sy kennis van Hebreeus en Grieks sy eie gemaak het.

Gewapen met hierdie kennis het hy ook in sy derde boek die teks van Romeine 9-11 bestudeer. Die boek begin met ’n uitgebreide, lesenswaardige Inleiding wat beskou kan word as die kanoniek van Paulus se brief aan die Romeine. Sy boek is voluit ’n eksegetiese kommentaar. Die klem val daarby op woordstudie. ’n Indrukwekkende literatuurlys en ’n omvangryke reeks voetnote lewer die bewys dat die skrywer noukeurig kennis geneem het van ander standpunte oor Romeine 9-11. Na deeglike eksegese en voortdurende terugskakeling van die Griekse teks na die Hebreeuse gerekonstrueerde teks kom Baaij tot die konklusie dat God Israel uit sy lewensboom afgekap het en die volke op hulle plek ingeënt het. Wel sal daar vir Israel in die nuwe skepping van God ’n plek ingeruim word, maar dan moet hulle leer om hulle vertroue te stel op de woorde wat God aan hulle toevertrou het. Na elke perikoop wat bespreek is, gee Baaij ’n teksweergawe en ’n samevatting. Dit verhoog die leesbaarheid van die boek. Daarom moet dit betreur word dat die skrywer aan die einde van sy boek nie ’n samevatting van die geheel gee nie. In die eerste pek is hierdie boek bedoel vir teoloë, maar ook predikante sal by hulle preekvoorbereiding van hierdie belangrike gedeelte van die brief aan die Romeine met vrug kennis kan neem van Baaij se woordstudie. Daar is heelwat preekstof in hierdie boek. Met sy perikoopindeling en samevattende verklaring kan die boek ook ’n hulpmiddel wees by persoonlike en gemeenskaplike Bybelstudie.

In die voortdurende diskussie oor hierdie omstrede gedeelte van Paulus se brief aan die Romeine het Baaij ’n belangrike bydrae tot die gesprek gelewer.

**Barnard, A.** 2004. **Fokus op meer as 200 vrae oor gebed wat elkeen graag wil weet.** Wellington: Lux Verbi.BM. 384 p.
Prys: R119,95. ISBN 0 7963 01856 94.

**Resensent:** *F.P. Viljoen*
(Skool vir Bybelwetenskappe & Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

*Fokus op meer as 200 vrae oor gebed* is ’n welkome toevoeging tot die reeks genaamd *’n Verwysingsgids vir elke huis*. Vorige uitgawes in die reeks is getiteld *Fokus op die 300 geloofsvrae* (deur Adrio König) en *Fokus op 400 vrae van gesinne* (deur James Dobson).

Prof Attie Barnard stel 246 tipiese vrae wat oor gebed gevra kan word, en bied dan in ’n bladsy of twee eenvoudige antwoorde op elkeen van die vrae. Die vrae is in drie afdelings verdeel, naamlik:

- Waar kom gebed vandaan en hoe werk dit?
- Persoonlike gebed in die praktyk.
- Die krag van geestelike gebed.

Elkeen van hierdie afdelings is onderverdeel om ’n totaal van 13 subafdelings te vorm.

Die formaat waarin die boek geskryf is, maak dit besonder geskik om as gids te dien vir alle lede in ’n gesin – van jonk tot oud. Benewens die maklik leesbare vraag-en-antwoord-formaat, word die hoofsaak wat in die antwoord gestel word, in ’n blok of kursiewe druk bygevoeg. Aanvullend tot die bespreking word bypassende en treffende stellings aangehaal, wat die leser tot nadenke stem. Hierdie aanhalings oor gebed is woorde van gelowiges deur die eeue heen. Waar dit sinvol is, word daar ook van diagramme gebruik gemaak om sake te verduidelik. Indekse van temas, sleutelwoorde en Bybelgedeeltes is bygevoeg wat dit maklik maak om inligting na te slaan. Al 246 vrae is ook in ’n lys saamgevat. ’n Verkorte bibliografie is bygevoeg. Hoewel die teks prakties en populêr geskryf is, is dit uit die staanspoor duidelik dat dit diepte het en op deeglike navorsing gebaseer is. ’n Leser kom onder die indruk dat ’n deurwinterde kenner van die terrein van gebed en iemand wat oortuig is van die belangrikheid daarvan, met gedeë ootmoed sy lesers tot gebedstoewyding wil begelei.

Die skrywer behandel die tipe vrae wat die mees algemeen oor gebed gevra word. Hy bespreek egter ook moeilike probleme soos of gebed nie in stryd is met God se onveranderlike wil nie (p. 34), hoekom ’n mens moet bid as God almagtig en alwetend is (p. 35 e.v.) en die probleem van teodisee (p. 37 e.v.). Aan die een kant verwelkom hy nuwe belangstelling, vernuwing en kreatiewe maniere om te bid (p. 39 e.v.). Tegelyk waarsku hy teen vreemde gebeds-praktyke wat veral uit Oosterse godsdienste en die mistisisme die Christelike geloof binnekom (p. 43 e.v.). Op besliste manier ontbloot hy hedendaagse hoogs emosionele, radikale en militêragtige gebedsaksies wat die grense van gesonde Bybelse gebed oorskryf (p. 47). Hy sny ook aktuele vraagstukke in die teologie aan deur onder andere te verwys na uitsprake wat die opstanding van Jesus Christus ontken. Hy wys daarop dat sodanige standpunte die wese van die evangelie uithol en afwater. Gelowiges moet hulle nie

daardeur laat intimideer nie, want dan maak gebed nie meer sin nie (p. 42). Hy bespreek die belangrike saak dat God ’n persoonlike wese is. Hy is nie maar ’n idee, ’n noodlot, ’n “iets”, ’n blote krag, projeksie van die mens, ’n neutrale opperwese of blote hoër mag nie. Gebed is gebaseer op ’n persoonlike verhouding tussen die Drie-enige God en die mens aan wie Hy Hom op verskeie maniere bekend maak (p. 53 e.v.). Hy bespreek die belangrikheid van stilte te midde van ’n gejaagde lewe, sodat ’n mens kan bid (p. 100 e.v.). In aansluiting hierby bespreek en evalueer hy onderskeidelik die praktyke en tegnieke van meditasie (p. 107 e.v.) en kontemplasie (p. 121 e.v.) wat deesdae ’n modegier geword het.

Die populêre styl van die boek leen hom uiteraard nie daartoe om sodanige vraagstukke deurtastend te beskryf nie. ’n Krities-ondersoekende leser gaan nie oral bevredigende antwoorde op sy of haar vrae vind nie. Iemand wat byvoorbeeld geïnteresseerd is in of krities staan teenoor meditasie en kontemplasie kom nie baie ver met Barnard se hantering van die sake nie. Die besprekings slaag egter daarin om die leser bewus te maak van die sake en hom tot nadenke of verdere ondersoek oor die vraagstukke te stimuleer.

Die boek is nie bedoel om ’n wetenskaplike en teoretiese bespreking van alle fasette van die Christelike gebed te hanteer nie. Dit is egter bedoel as handleiding vir ’n Christen om bewus te word van die noodsaaklikheid van gebed volgens Bybelse maatstaf en om die leser te begelei om opnuut opreg en met toewyding te bid. Hierin slaag die publikasie uitnemend.